

*“Hierdie boek kan as handleiding vir  
die lewe bestudeer word.”*

*Dr. Isak Burger*

# GOD & geld

*Bybelse beginsels vir  
finansiële vryheid*

WILCO NAUMANN

God & Geld – Bybelse beginsels vir finansiële vryheid

Uitgegee deur WN Uitgewers  
’n Druknaam van WN Maatskappy  
’n Afdeling van WN Holdings (Pty) Ltd.,  
Jorissen 76, Polokwane 0700  
Posbus 223, Thornhill Plaza, 0882  
www.wilconaumann.com

Kopiereg © 2019 deur Wilco Naumann – Alle regte voorbehou.

Tensy anders aangedui is teks aanhalings in hierdie publikasie geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Teksvorsing deur Nico Nel en Anita Vermaak  
Omslag deur Wired Ink  
Foto (Agterblad) deur Suné Meyer

Eerste uitgawe, eerste druk 2019

ISBN 978-0-620-84821-3 (sagteband)

#### Vrywaring

Die outeur, uitgewer of verspreider gee geen waarborg vir die korrektheid, akkuraatheid of betroubaarheid van enige verwysing na wetgewing, wet, praktyk, reël of regulasie nie. Die inhoud van die boek verteenwoordig grotendeels aanbevelings en opinies van die skrywer. Enige vertroue wat deur enige persoon of instansie daarop geplaas word, is op eie risiko. Die outeur, uitgewer en verspreider is nie aanspreeklik vir enige gevolge van watter aard ook al wat mag vloei uit enige optrede wat deur enige persoon of instansie onderneem word op grond van die inhoud nie. Die inligting in hierdie boek is van algemene aard en moet nie gebruik word of beskou word as ’n plaasvervanger vir gedetailleerde advies of as basis vir die formulering van besigheids- en finansiële besluite nie.



# God & Geld

*Wen die stryd vir die eerste plek in jou hart en lewe.*

*Ontsnap Mammon se juk van slawerny.*

*Verbreek die armoedige ingesteldheid.*

*Bestuur geld op 'n Bybelse manier.*

# *Inhoudsopgawe*

Voorwoord

Inleiding

## *DEEL EEN - BYBELSE FONDASIE*

### **Hoofstuk 1 - Genesis**

Wat is die mikpunt?

Erken jou probleme

Maak verandering jou nuwe vriend

Jy moet besef dit gaan nie maklik wees nie

Vra die Here se hulp

Om te weet is nie genoeg nie, kennis moet toegepas word

Wat hierdie boek nié is nie

### **Hoofstuk 2 - Kelner tot Miljoenêr**

Waar my finansiële storie begin het

### **Hoofstuk 3 - Eienskappe van Geld**

Definisie en ontstaan van geld

Geskiedenis van geld in Suid-Afrika

Agt-en-twintig eienskappe van geld

### **Hoofstuk 4 - Gevare van Geld**

Negentien gevare van geld

### **Hoofstuk 5 - Jou Perspektief oor Geld**

Is jy nie alreeds ryk nie?

Dertien beginsels vir gesonde perspektief

### **Hoofstuk 6 - God se Perspektief oor Geld**

God se wil vir Sy kinders ten opsigte van geld

Tien dinge wat God wil hê  
Vyf dinge wat God nie wil hê nie

## **Hoofstuk 7 - Die Wêreld se Perspektief oor Geld**

God se manier teenoor die wêreld se manier

### *DEEL TWEE - FINANSIËLE FILOSOFIEË*

## **Hoofstuk 8 - Filosofie**

Hoe benader jy finansies?  
Neem verantwoordelikheid  
Jy hoef nie te bly waar jy tans is nie  
Die belangrikheid van selfstudie  
Die gewoontes van suksesvolle mense  
Die belangrikheid van prioriteite  
Die invloed van die televisie op jou finansies

## **Hoofstuk 9 - Denke**

Armoedige ingesteldheid  
Afdeling een – Identifiseer die vyf vrot wortels  
Afdeling twee – Nege maniere om die vrot wortels uit te roei

## **Hoofstuk 10 - Rentmeesterskap en Identiteit**

Alles behoort aan God  
Gehoorsaamheid  
Identiteit  
Rentmeesterskap  
Eienaar of bestuurder?  
Voordele van goeie rentmeesterskap  
Nadele van nalatige rentmeesterskap  
Foute om te vermy  
Die rol van 'n joernaal in finansies

## **Hoofstuk 11 - Eerlikheid en Integriteit**

Onregverdige wins

Seën en vloeke

Eerlikheid

Integriteit

Ontsnap uit die versoeking van oneerlikheid

## **Hoofstuk 12 - Materialisme en Vergenoegdheid**

Die onsigbare dorings wat jou verstik

Hulpmiddels teen onvergenoegdheid

Materialisme

## **Hoofstuk 13 - Belasting**

Jesus se voorbeeld

Wie is die keiser, en wat kom hom toe?

God verwag eerlikheid van ons

Die gans met die goue eiers

## *DEEL DRIE - PRAKTIESE BEPLANNING*

## **Hoofstuk 14 - Finansiële Plan**

Raad

Beplanning

Eerste lys - Inkomstes/Uitgawes

Tweede lys – Bates/Laste

Doelwitte

Dissiplines

Neem aksie

## **Hoofstuk 15 - Inkomstes Vermeerder**

Motief vir geldmaak

Ekonomiese waarde

Aktiewe kapitaal

Belangrikheid van werk  
Verkeerde motiewe vir werk  
Doel van werk  
God se aandeel in ons werk  
Verantwoordelikheid van die werknemer  
Besigheid  
Motief vir besigheid  
Doelwitte van besigheid  
Dinge wat 'n besigheid kan vernietig

### **Hoofstuk 16 - Uitgawes Verminder**

Skuld en besteding  
Leuens van skuld  
Gevare van skuld  
Lokvalle van skuld  
Goeie skuld  
Slegte skuld  
Lenings en borg staan

### **Hoofstuk 17 - Stappe na Vryheid van Skuld**

Stap 1 – Kry 'n groot genoeg motivering  
Stap 2 – Bely en bekeer  
Stap 3 – Vereenvoudig jou leefstyl  
Stap 4 – Stel 'n begroting op  
Stap 5 – Begin 'n noodfonds  
Stap 6 – Kom en bly op datum  
Stap 7 – Sneebal jou skuld  
Stap 8 – Vergroot jou noodfonds  
Stap 9 – Begin beleggings  
Stap 10 – Betaal verband af



## **Hoofstuk 18 - Begroting**

Wat is 'n begroting?

Waarom 'n begroting?

Hoe begroot ek?

Aftrede

Nalatenskap

Wat jy jou kind moet leer van geld

Versekering

## **Hoofstuk 19 - Tiende**

Waar kom die tiende vandaan?

Seën of vloek?

Wat is die tiende nie?

Hoeveel is 'n tiende?

Waarom gee ek 'n tiende?

Waarom gee mense nie tiende nie?

Waar gee ek my tiende?

Wat maak ek as ek nie tiende kan bekostig nie?

Betaal ek skuld of gee ek tiende?

## **Hoofstuk 20 - Gee**

Saai en Seëninge

Waarom gee ek?

Hoeveel moet ek gee?

Wat is my gesindheid?

Vir wie gee ek?

Is daar kere wat ek nie moet gee nie?

Opsomming van die wette van saai

## **Hoofstuk 21 - Spaar**

Spandeer minder en wyser

Lekkasies

Spaardeelwitte  
Finansiële vas  
Onderhandel  
Huishoudelike besparings  
Gevaar van spaar

### **Hoofstuk 22 - Beleggings**

Belê geld en tyd eerder as om dit te spandeer  
Koninkryk beleggings  
Eiendomsbeleggings  
Belê versigtig

## *DEEL VIER - GEESTELIKE STRYD*

### **Hoofstuk 23 - Breek Mammon se Juk**

Die Westerse samelewing  
Die kruispad  
Die omkeerpunt  
Die ruiltransaksie  
Die losmaakproses  
Die woestyn pad  
Die wêreld verrai  
Die finale spyker in sy doodskis  
Ware rykdom  
Waar ek myself nou bevind  
Brief van God

## *HULPBRONNE*

Eindnotas  
Bronnelys  
Kontakbesonderhede

# Voorwoord



**D**IT GEBEUR SELDE dat ek ’n manuskrip ontvang om kommentaar op te lewer en ek die volledige werk deurlees. In hierdie geval het ek dit gedoen, aangesien die inhoud en skryfstyl my van meet af gefassineer het. Wilco Naumann bring in hierdie boek insig en perspektiewe oor geld, skuld, armoede en rykdom na vore wat ek wens elke persoon vir wie ek omgee, kan lees.

Die uitstaande kenmerk en merkwaardigste aspek van hierdie boek is die duidelike en geldige Bybelse gefundeerdheid van die hele boek. In ’n era waarin ’n mens gereeld vanuit sekere kringe gebombardeer word met ’n skeefgetrekte “Voorspoedsteologie”, bring hierdie boek verantwoordelike Bybelse begroning oor die onderwerp.

Dit het ’n geloofwaardigheid wat eerstens gebaseer is op sy persoonlike geestelike en finansiële reis, wye navorsing en veral sy merkwaardige insig en begrip van wat die gesaghebbendste Boek in mensegeheugenis oor hierdie belangrike onderwerp sê. Hierdie boek is veel meer as boeiende leesstof oor ’n saak wat elke mens raak – dit kan as handleiding vir die lewe bestudeer word.

***Isak Burger***



# Inleiding



*“Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”*

*– Matteus 6:24*

*“Money isn’t everything, but it ranks right up there with oxygen.”*

*– Zig Ziglar*

**H**IERDIE IS 'N *‘waarom moet ek my geld reg bestee?’* asook 'n *‘hoe doen ek dit?’* boek. Ek skryf hierdie boek oor vier redes, en die hoofstukke is in hierdie vier gedeeltes onderverdeel – soos in die inhoudsopgawe uiteengesit. Die doel van die boek is finansiële gesondheid; hoe om met geld te werk, asook hoe om die regte verhouding teenoor geld en besittings te verkry.

## *Inleiding*

Die eerste stap om dit te bereik is om beheer te neem oor jou inkomstes en uitgawes. Dit word gedoen deur middel van 'n begroting, asook 'n alternatiewe finansiële filosofie. Alles wat jy nodig het om jou finansies gesond te kry – en in lyn te bring met God se Woord – word in die vier gedeeltes saamgevat.

Eerstens vertel ek jou my storie van hoe ek uit armoede gekom het tot by 'n plek waar ek genoeg gehad het. Genoeg om baie foute te maak en baie skuld aan te gaan. Maar ook genoeg om te leer hoe om suksesvol daarmee te werk. Ons kyk na wat geld is, die goeie en die slegte daarvan, asook hoe God dit sien in teenstelling met die wêreld.

Daarna lê ek 'n Bybelse fondasie van geld neer. Aspekte soos die geskiedenis van geld, watter rol geld in die Bybel gespeel het, die eienskappe en gevare van geld, asook die uiteenlopende verskil tussen die wêreld (wat ons insluit) en God se perspektief ten opsigte van geld, word bespreek. Die eerste gedeelte kan opgesom word as die fondasie van geld. Ek poog om hierdie vraag te beantwoord: Hoe herstel ek my siening ten opsigte van geld?

Tweedens deel ek my persoonlike filosofie met jou. Ek sien en weet van baie mense wat met 'n verwarde ingesteldheid ten opsigte van geld en besittings leef. Baie het 'n armoedige denkwys, terwyl ander onbewus is van die geestelike geldelike beginsels en implikasies. Baie min mense het 'n gesonde filosofie rondom geld en besittings. In hierdie tweede gedeelte praat ek oor my persoonlike saamgestelde filosofie ten opsigte van geld, armoede, denke, rentmeesterskap, identiteit, integriteit, boekhouding en belasting. Die vraag hier is: Hoe verander ek my denke rondom finansies sodat ek 'n gesonde uitkyk daarvoor kan hê?

Derdens gee ek praktiese stappe en riglyne oor hoe om met geld te werk. Ek het bewus geword daarvan dat baie min mense weet hoe om fisies met geld te werk. Die oorgrote meerderheid wat ek ken het goeie skoolopleiding, maar is nêrens in hul lewe geleer hoe om hul inkomstes te hanteer

nie. Van kleins af word ons geleer van die verskeie maniere hoe om geld te maak, maar ons leer nie noodwendig hoe om dít wat ons verdien, reg te bestuur nie. Alles gaan oor hoe om meer geld te maak, maar baie min gaan oor hoe om dít wat jy het, reg te bestee. As gevolg hiervan verval talle in skuld en soos prof. dr. Marius Nel dit stel, “ongesonde verbruikerspatrone wat tot baie verskillende probleme lei”.<sup>1</sup>

Hierdie afdeling handel oor die finansiële plan en sluit die volgende onderwerpe in; doelwitte, dissipline en begroting. Hier kyk ons na die belangrikheid, implementering asook praktiese riglyne en metodes van ’n begroting; hoe om meer effektief te wees met dít wat jy reeds het. Tiendes, beleggings, spaargeld, aftrede en nalatenskap is onderwerpe wat deel hiervan uitmaak. As jy mooi met jou geld werk en my voorgestelde plan volg, sal jy ’n buffer bou teen die onbeplande gebeurtenisse van die lewe. As jy jou inkomste verloor of die bodem van jou emmer val uit, is daar steeds hoop.

Hoewel hierdie boek hoofsaaklik handel oor hoe om dít wat jy reeds het, reg te bestuur en aan te wend – en nie oor hoe om meer geld te maak nie – het ek tog een of twee gedagtes wat ek oor inkomstevermeerdering gaan deel. Om jou uitgawes te verminder, is kern. Aan die einde van die dag is dit maklik om finansiëel gesond te word as jy geen paaie het wat jy moet betaal nie. Hier kyk ons na materialisme, skuld, spandering, uitleen, en vergenoegdheid. In dié gedeelte antwoord ek jou vraag: Hoe kry ek beheer oor my finansies, en hoe bestuur ek dit reg, soos die Here van my verwag?

Laastens deel ek oomblikke uit my eie lewe toe ek teen Mammon se juk baklei het, asook toe ek my oorwinning behaal het. Besittings kompeteer met die Here, of anders gestel; besittings en geld is die belangrikste mededinger vir Christus se heerskappy in ons lewens.<sup>2</sup> Daar staan in Matteus dat jy die gevaar loop om bewustelik en/of onbewustelik jou vertrouwe in Mammon sit, in plaas van in die Here.

## *Inleiding*

Jy kan nie geld en die Here terselfdertyd dien nie. Mammon is aan die veg vir die eerste plek in jou hart. Verder deel ek ook die losskeurproses van die wêreld af, hoe ek uit die *rat race* kon ontsnap het, asook die groot ‘ruil-transaksie’ wat in my lewe plaasgevind het.

Ons kyk na ware rykdom, ware sukses en ware geluk. Dalk worstel jy met dieselfde vraag as waarmee ek gesukkel het: Hoe kom ek vry van Mammon se juk sodat God weer die eerste plek in my hart kan inneem? Hoe kan ek Hom ten volle vertrou? In gedeelte vier deel ek my oorwinningstryd met jou.

In Johannes 17:16 is geskrywe dat ons as Christene leef *in* hierdie wêreld, maar ons is nie *van* die wêreld nie. Terwyl ons in hierdie sisteem leef, het ons ’n alternatief ten opsigte van hoe ons met geld kan werk. Zig Ziglar het gesê: “*Money isn’t everything, but it ranks right up there with oxygen.*”<sup>3</sup> Ongelukkig was hy reg. Terwyl ons op aarde is, gaan ons met geld en besittings te doen hê.

Deur my persoonlike storie te deel, sal jy sien hoe dit moontlik is om weg te breek uit ’n armoedige ingesteldheid en denkwyse, jy sal sien (en hopelik leer) hoe om as ’n Christen in hierdie samelewing met geld te werk op ’n Bybelse manier, en bewus raak dat Mammon meeding vir jou lewe. My gebed is dat jy sal ontsnap van sy slawerny as jy reeds ’n gevangene is.

*Here, ek bid dat hierdie boek die Kerk, U Bruid, die Liggaam waarvoor U terugkom, haar regte plek finansiëel sal laat inneem, asook oorwinning sal hê in hierdie wêreld. Ek bid dat ons bewus sal raak van Mammon se slawerny, dat ons sal vrykom daarvan, dat ons geld sal hanteer volgens U voorskrifte, en dat U eerste plek sal inneem in ons lewens – geestelik, asook finansiëel, vir nou en vir ewig. Amen.*



*Deel 1*

*Bybelse Fondasie*



*Hoofstuk 1*

# *Genesis*

*Die begin van jou finansiële omkeer*



*“Uit die benoudheid het ek die Here aangeroep; die Here het my verhoor  
in die ruimte.”*

*– Psalm 118:5*

*“I am so poor that I cannot afford to let anything worry me.”*

*– Joseph Jefferson*

**A**S EK RONDON MY kyk, sien ek moderne slawe. Mense wat vry is om te dink, doen, redeneer, praat, woon en werk waar hulle wil, maar hulle is vasgevang in geldelike slawerny. Hulle leef onbewustelik onderdanig aan Mammon se juk. Vasgevang en onderworpe aan ’n sisteem, ’n stelsel wat elke bietjie energie en lewenslus uit hulle tap – soos ’n druiwepers die sap uit ’n druiwekorrel tap.

'n Sisteem met baie beloftes maar geen *track record* van lewering nie. Die oë is oop, maar hulle sien nie. Ek weet dit, want ek self was vir baie jare 'n blinde-oop-oog-vasgevange-Christen. Dit is moeilik om kop bo water te hou, ek swoeg en sweet, ek voel kwaad en hopeloos, gefrustreerd en moedeloos. Daar is te veel maand oor aan die einde van my salaris.<sup>1</sup>

Geluk Wilco, jy's 'n nuwe maar geskoolde, kommerbelaaide verbruiker, wat die *rat race* voluit hardloop. Ek weet nie watter kant toe nie, my hart is swaar, al wat ek ervaar is angs, vrees, ongelukkigheid en onsekerheid. Hoe vinniger ek gaan, hoe meer raak ek agter. Hoe meer ek doen, hoe meer is daar om te doen. Ek beleef Francois van Heyningen se emosies wanneer hy sê: “Hoe harder ek werk, hoe minder bereik ek.”<sup>2</sup> Dae gaan soos ure, en geld gaan soos water.

Maak nie saak hoeveel ek in my emmer gooi nie, hy word nie vol nie, daar's te veel gate in my finansiële emmer. Die finansiële onsekerheid verander my denke in chaos en affekteer alles in my lewe. Selfs koek het sy soet smaak verloor<sup>3</sup>, dit steel my vrede, en ek voel skoon ongemaklik. Ek voel presies soos wat Van Heyningen beskryf: “Dit voel asof ek besig is om beheer oor my lewe te verloor. Ek sukkel om helder te dink, en ek is vasgevang in 'n maalstroom van verwarring.”

Hierdie gejaagde lewe, soos hy verduidelik, “veroorzaak verlies aan selfvertroue, onvermoë om wyse finansiële besluite te neem, slaaploosheid, aggressie, hart probleme, maagswere, spierpyne, en hoofpyne” steek hul kop uit. Ek het woede vir enige iets wat beweeg. “Slaaploosheid en die gevolglike gebrek aan energie neem drasties toe,”<sup>4</sup> skryf hy verder.

Sy woorde is my realiteit. Teen dié tyd voel ek nie meer soos 'n *rat race* deelnemer nie, maar eerder soos 'n slagoffer, en hierdie slagoffer se liggaam en psige sukkel om weerstand te bied.<sup>5</sup> Maar die gejaag is al wat ek ken, so ek het geen ander keuse as om aan te hou nie. Dalk dink jy ek vergroot, maar ek kan jou verseker al dié simptome steek nie dadelik kop uit nie. Dit kom ook nie op een slag nie.

## Hoofstuk 1 – Genesis

Soos 'n luiperd sy prooi bekruip, katrol dié sisteem jou onbewustelik in. In sy boek *Hoe Om Suksesvol Te Lewe*, verduidelik Van Heyningen die eerste simptome van stres, spanning en bekommernis. Die waarheid is, vir die moderne slaaf, vir die persoon wat vasgevang is in 'n juk van slawerny, vir diegene wat in 'n donker gat van finansiële chaos sit, is dié simptome presies dieselfde:

*Dit begin gewoonlik met 'n vae onrus in jou gemoed en 'n senuagtigheid, 'n rusteloosheid wat jou konsentrasievermoë nadelig beïnvloed. Jy het dikwels 'n hol kol op jou maag, jy is naar en jou mond is droog, wat jou spraak aantast. Dit kring uit na vergeetagtigheid, geïrriteerdheid en humeurigheid. Al jou vreugde en lewenslus verdwyn. En al wat oorbly, is lusteloosheid en 'n gebrek aan energie. Dit voel vir jou, die slagoffer, of jy beheer oor jou lewe verloor. En inderdaad is dit besig om te gebeur. Die bietjie positiwiteit wat nog bestaan het, word vervang deur 'n chroniese negatiwiteit en pessimisme. Dit raak nie net vir jou nie, maar ook almal rondom jou – veral die mense naaste aan jou. Dit raak jou daaglikse leefwyse, jou hele bestaan word betekenisloos. Vir die pessimis is daar geen hoop op verdere groei nie. Sy/haar hele lewe stagneer. En vir dié een wat stagneer, is die toekoms uitsigloos. Dis 'n bestaan sonder om werklik doelgerig te leef.<sup>6</sup>*

Moderne slawe se lewenslus en vreugde word bietjie vir bietjie minder, en hul voel by die dag meer waardeloos. Ongelukkig dryf die sisteem talle deelnemers – of sal ek eerder sê slagoffers – na ontvlugting in stimulerende, verdowingsmiddels, pornografie, en alkohol. Een probleem met die *rat race* is dat jy nooit sal voor kom nie, hoewel jy permanent probeer en besig is, gaan jy heelyd net in die rondte. 'n Groot probleem én gevaar van geld en besittings is, as dit die verkeerde rol in jou lewe inneem, en jy heg on-

gesonde waarde daaraan, sal jy nooit genoeg daarvan kry nie, en as jy nie daarteen waak nie kan die stukkie groen papier jou afgod raak. Baie mense sit hul vertroue daarin, eerder as in God, en dit lei tot die emosionele afdraande spiraal soos hierbo beskryf.

Die samelewing, ontwikkelde wêreld of die Westerse kultuur (of wie ookal jy die skuld wil gee) het ons verkeerd geleer, intendeel, ons is nie geleer nie, ons is gebreinspoel. Daarom moet ons onself herprogrammeer. Byvoorbeeld, ek het grootgeword in 'n samelewing en sisteem waar dit aanvaarbaar is om skuld te hê. Waar skuld deel is van die lewe, en waar jy nie daarsonder kan klaarkom nie. Omdat niemand my geleer het hoe om met geld te werk en dit reg te bestuur nie, het ek in 'n sisteem verval waar dit my beheer het – in 'n stelsel wat my vasgebind het.

Soos met die natuur het die Here beginsels vasgestel en geïmplementeer ten opsigte van geld en besittings, maar min mense word geleer hoe om met geld te werk, en volgens prof. Nel word nog minder mense “geleer wat die Here se finansiële beginsels vir hul lewe is.”<sup>7</sup>

Veronderstel jou selfoon glip uit jou hand. Swaartekrag gaan hom na die aarde toe aantrek, en hy gaan op die grond val en breek. Net so gaan jou hantering van geld 'n effek op jou persoonlike, finansiële en geestelike lewe hê. Jy kan óf saam óf teen hierdie wette werk, en hoe beter jy die geldelike wette ken en toepas, hoe meer sal dit weerspieël in jou gemoedsrus en bankrekening.

Daar is verseker voordele aan die beginsels gekoppel waarna ons later sal kyk, maar daar is definitief ook nadele. Onder andere, jy sal of toevertrou word met ware rykdom, afhangende van hoe jy geld bestuur en bestee. In Lukas staan geskryf:

“As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike Mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?”<sup>8</sup> Daar is nog baie meer geestelike beginsels rondom geld, insluitend inkomste generering, spaar, spandeer, belê, en belasting, om net 'n paar te noem.

Prof. Nel lig die volgende statistieke uit die Bybel: Sestien uit die agt-en-dertig gelykenisse het te doen met hoe ons geld en besittings moet hanteer. Daar is 500 verse wat handel oor gebed, minder as 500 verse oor geloof, en meer as 2 350 verse wat handel oor geld en besittings.<sup>9</sup>

Volgens geskifte wat in die Griekse Nuwe Testament gedokumenteer is, het Jesus meer oor geld gepraat as oor enige ander onderwerp. Daar is byvoorbeeld meer verwys na geld in die Bybel as na seksuele onsedelikheid. Geld en besitting speel 'n kritieke rol in ons lewens en dit is uiters belangrik dat jy bewus sal raak van jou ware geestelike toestand, van die sterk verband ten opsigte van geld, besittings en jou geestelike lewe, asook jou houding, optredes en aksies daarteenoor. Ek het persoonlik ervaar dat as ek die Here se finansiële beginsels in my eie lewe toepas, dit my nader aan Hom trek. Geld het 'n invloed op jou gees.

Ek het eendag 'n vriend gevra hoe sy finansies lyk – sy skuld teenoor sy spaargeld. Sy antwoord was: “Ek het baie skuld, en geen spaargeld nie. Ek het geen plan nie, dis maar net hoe dinge vir my uitgedraai het.” As ek jou dieselfde vraag sou vra, gaan jou antwoord min of meer dieselfde wees? Die waarheid is, as jy nie 'n plan het met jou finansies nie, gaan die samelewing se stroom jou saamsleep, en ek kan jou waarborg dit is nie 'n rooskleurige prentjie nie.

Talle mense spandeer meer tyd daaraan om hulle twee week-lange vakansie te beplan as wat hulle spandeer om hul hele lewe se inkomste te bestuur. Om Dave Ramsey se aksioma te herhaal: Die gewone persoon se salaris is sy grootste bron van inkomste in sy totale bestaan, en tog is daar mense wat dit nie reg aanwend nie – of nie weet hoe nie.<sup>10</sup>

'n Groot deel van ons lewe draai om geld. Dink na oor hoeveel tyd en energie jy gebruik om geld te maak, te spandeer, te gebruik, besluite daaroor te neem, en vra jouself dan af: “Wie se finansiële plan is ek besig om uit te voer?” Wat is jy besig om te doen met jou grootste bron van inkomste? Dalk lyk jou finansiële lewe soos wat myne gelyk het:

Jy spandeer te veel, en kom nie uit nie, jy leef bo jou vermoëns en kla dan omdat jou inkomste te min is. Te veel skuld. Te min spaargeld. Jy is so diep in dat daar nie 'n lig aan die einde van die tunnel is nie. Dit voel asof jy beheer oor jou lewe verloor. Jy is bang. Jy voel onbevoeg. Jy werk baie hard maar kom nie voor nie. Om kop bo water te hou is 'n term waarmee jy baie bekend is. Jou finansies lyk so beroerd dat jy binnekort op 'n geforseerde dieetplan moet gaan – 'n onwillekeurige vas.<sup>11</sup>

Jy dink geldelike bekommernis is deel van die lewe wat altyd daar sal wees. As jy aan finansies dink, dink jy aan 'n stryd. Jy sien geld as 'n vyand, en nie 'n vriend nie. Jy gebruik kredietkaarte om pyn te verlig. Dit voel asof jy voor 'n “ondeurdringbare, onsigbare muur staan.”<sup>12</sup> Jy weet die oplossing is aan die ander kant van die muur, maar dit voel so onbereikbaar, jy weet net nie hoe nie. Jy sukkel om uit te vind waar die fout lê. Verder weet jy nie waar om te begin om dinge reg te ruk nie.

As jy kan assosieer met dié gevoelens en emosies, en jy al siek en sat daarvoor is om siek en sat te wees,<sup>13</sup> en jou manier werk nie, besef dat jy besig is met die verkeerde finansiële plan. Moenie die fout maak wat duisende ander mense maak, om eers as dit te laat is, as die geld op is, te begin aandag daaraan gee nie – dit geld vir finansies asook gesondheid.

Hulle spandeer asof vandag hul laaste dag is, terwyl môre elke dag kom. Gelukkig het my oë vroegtydig oopgegaan sodat ek hierdie gevaarlike simptome kon identifiseer. Niemand het my die reëls van geld geleer nie, ek moes dit self op die harde manier uitvind, en nou deel ek dit met liefde met jou. Alhoewel ons nie reg geleer is deur die samelewing se stelsel nie, kan ons nie die verantwoordelikheid ontduik nie.

Dit is steeds jou lewe, keuses en probleme, en ongelukkig jou verantwoordelikheid om uit te sorteer. Jy moet besef dat jy een lewe het, en as jy dit opmors is dit dit, jy kry nie 'n tweede kans nie. Geen tweede probeerslag nie. Jy moet ook verantwoordelikheid aanvaar en besef jy is waar jy is as gevolg van jou eie finansiële besluite.



## Hoofstuk 1 – Genesis

Jy kan nie verder jou ouers blameer nie. Onthou die wyse woorde: “Jy het nie ander moeilikheid nie, jou moeilikheid lyk net anders” – vanuit jou perspektief. Daar is dus ’n uitkoms, jou uitkoms lê in verandering. Dit is tyd vir ’n nuwe plan, ’n plan gebaseer op die Woord van God.

Albert Einstein het gesê: “*You cannot solve a problem at the same level of thinking that created it.*”<sup>14</sup> Jou uitkoms lê in veranderde denke. Jy moet jou filosofie teenoor geld en besittings verander. Jy moet begin deur jou finansies in orde te kry, en beheer daaroor te neem.

Daar is ’n gesegde wat lui dat mans se grootste stryd opgesom kan word in drie woorde, naamlik: *Girls, Gold and Glory*. Een of ander tyd sal ons (mans en vrouens gelyk) die *Gold*-stryd moet wen. Ons gaan hier wees totdat ons nie meer hier gaan wees nie,<sup>15</sup> en vir solank as wat ons hier gaan wees, gaan ons met geld en besittings te doen kry.

Die tweede grootste gebod is dat ek my naaste moet liefhê soos myself.<sup>16</sup> Daaruit kan ek aflei dat dit God se wil is dat ek myself moet liefhê. Deel daarvan om myself lief te hê is om goed na myself en my gesin te kyk, en te sorg so goed as wat ek moontlik kan. As ek myself liefhet, moet ek nie die beste moontlike finansiële plan vir myself hê nie? Moet ek nie die finansiële las vir my familie en gesin so lig moontlik maak nie? Moet ek nie myself in lyn bring met God se Woord ten opsigte van geld en besittings nie? Ek glo jy moet jouself geestelik, emosioneel en fisies liefhê.

Verder, deel daarvan om jou naaste lief te hê, is om te kan gee, om ’n seën vir ander te wees. Deur dus jou geld reg te bestuur, is ’n vorm van liefde, liefde vir jouself, jou gesin, en jou naaste. Ek skryf hierdie boek om vir jou te sê – maar ook om vir jou te wys deur middel van my persoonlike stryd die laaste veertien jaar met geld en besittings – dat daar wel ’n *ander* manier is.

Gesonde finansies, gesonde verhoudings, vrede, geduld, gemoedsrus, ’n gesonde liggaam, meer tyd, rustigheid, en genot is moontlik, en dit als deur steeds aktief betrokke te wees by die samelewing en die ekonomie.

Jy hoef nie in 'n grot, afgesny van die samelewing te gaan bly om vrede te ervaar nie. Hierdie deugde is nou deel van my lewe, maar eerlikwaar, dit was nie altyd so nie. Ek gaan later meer in diepte in, maar vir nou is dit genoeg om te weet dat daar wel 'n oplossing is, 'n ander manier, 'n beter manier as wat jy tans ken.

Die belangrike punt is, al hierdie mooi dinge kan slegs gebeur indien geld sy regte plek in jou lewe inneem. Deur die jare het ek besef dat (in die oorgrote meerderheid gevalle) die probleem nie is dat die mens te min geld verdien nie, maar eerder dat hy dít wat hy het, wanbestuur, misbruik en verkeerdelik aanwend. Die goeie nuus is, daar is reeds 'n oplossing hiervoor.

### ***Wat is die mikpunt?***

Die werking van 'n seilboot fassineer my. Maak nie saak van watter rigting die wind waai nie, die kaptein kan die boot stuur in watter rigting hy ook al kies, deur bloot eenvoudig die seile te verstel. Dit is selfs moontlik om windop te seil. Net so is ons almal ook soos 'n seilboot op die see van die lewe. Die wind waai, partykeer reën dit, partykeer skyn die son, partykeer is daar storms, ander keer is die waters doodstil.

Ek het hiërdie seilboot-analogie by Jim Rohn geleer. Rohn was een van Amerika se vooraanstaande besigheids-filosowe en 'n prominente besigheidsleier, skrywer en spreker. Hy het altyd gesê, “jy gaan uiteindelik by 'n bestemming uitkom, die vraag is net watter een?”<sup>17</sup> Wat laat jy toe om jóú rigting te bepaal, die wind, óf die span van jou seile? Moontlik is die beter vraag: “Is jou seile ooit gehys?”

Hierdie hele boek gaan oor hoe om 'n beter seil te span. In teenstelling met jou siening ervaar almal dieselfde weersomstandighede. Ons woon in dieselfde land, met dieselfde ekonomie, onder dieselfde regering, en het toegang tot dieselfde biblioteke, kerke, boeke en bronne.

Hoewel ek saamstem dat party omstandighede effens gunstiger kan wees as ander, is ons merendeels onderhewig aan dieselfde stelsel. Dit hang nie van jou omstandighede af of jy dit gaan maak of nie – dit hang af van hoé jou seile gespan is.

Anders gestel, die wind gaan van alle rigtings af waai, en wat jou bestemming gaan bepaal is nie die wind nie, maar eerder óf en hoé jy jou seile gespan het. Jou omstandighede bepaal nie waar jy eendag gaan op-eindig nie, jy bepaal dit. Dus, span jou seil beter ten opsigte van jou denke, jou hantering van geld, jou verhoudings, en jou toekoms, adviseer Rohn.<sup>18</sup>

Soos voorheen genoem, gaan jy verantwoordelikheid moet neem vir jou geldsake – niemand gaan tot jou redding kom nie. As jy in skuld is, geen spaargeld het nie, bekommerd is, te veel maand oor het aan die einde van jou geld, en as jy niks oor het om te gee nie omdat jy te veel spandeer het, stel ek voor jy begin kyk na 'n beter finansiële plan. In *The Total Money Makeover* het Ramsey gesê dat jou finansiële lewe sal begin omdraai sodra jy verantwoordelikheid begin aanvaar.<sup>19</sup>

In alle aspekte van die lewe, indien jy iets wil bereik, moet jy 'n plan en doelwitte hê, net so ook in jou finansies. Ek het deur die jare my eie finansiële filosofie en plan saamgestel, toegepas en beproef. In dié boek deel ek met jou my plan en filosofie – wat werk.

Hierdie plan bevat riglyne en maatreëls wat my – en 'n paar ander – gehelp het om beheer te neem oor ons finansies; om finansiël gesond te word en los te breek van Mammon se gevangenskap en slawerny. Dit het my in staat gestel om my persoonlike skuld af te betaal, om geld te spaar en te gee soos wat my hart begeer.

Geld spandeer het 'n slegte gewoonte by my geraak, en as ek nie die gewoonte gebreek het nie, sou ek nooit genoeg kon kry van spandeer nie. Ek het geleer om 'n sekere standaard te handhaaf – God se Woord is die standaard.

## Hoofstuk 1 – Genesis

Filosofie is 'n *fancy* woord, maar wat ék daarmee bedoel is: Wat is jou siening oor geld en besittings? Hoe voel jy as iemand oor geld praat? Hoe dink jy oor geld? Wat is jou finansiële plan? Het jy een? Hoe spandeer jy geld? Waar kom geld en geloof bymekaar? Watter waarde heg jy aan geld en besittings?

Wat is jou – en belangriker, God – se opinie oor die volgende; identiteit, denkwyse, eienskappe van geld, gevare van geld, rentmeesterskap, verskil tussen wêreldse en Bybelse perspektiewe, belasting, geld uitleen, skuld, inkomste, beleggings, besteding, begroting, finansiële plan, nalatenskap, aftrede, saai, dissiplines, tiende, materialisme, en spaar?

Og Mandino het gesê: *“Life is a game, but no one taught us the rules.”*<sup>20</sup> In die boek Job staan daar dat ons kaal in die lewe ingekom het, en dat ons kaal daaruit gaan<sup>21</sup>, alles tussen-in is dus 'n spel. Hierdie boek wat jy nou vashou – my persoonlike filosofie – bevat 'n paar van die reëls van dié spel, ten opsigte van geld en besittings.

Die doel is dus om jou “finansiële geletterdheid” – soos Robert Kiyosaki dit noem – te verhoog,<sup>22</sup> want vir solank as wat jy hier op aarde gaan wees gaan jy met geld en besittings werk, en dit nodig hê. Geld en besittings is ook gekoppel aan die geesteswêreld, so om dit baas te raak is die beste opsie vir jou as Christen.

Daar is 'n ou Chinese spreekwoord wat lui: *“Better to light one candle than to curse the darkness.”* Ek deel hierdie beginsels met jou om die lig aan te skakel in die donker kamer van jou finansiële lewe. Om die donker te baklei is soos om 'n boom te wil afkap met 'n stomp byl. As jy suksesvol die boom wil afkap, moet die byl skerp gemaak word.

Niemand gaan jou boom kom afkap nie, maar ek wil jou help om die byl skerp te maak. Net so gaan niemand jou donkerte kom verlig nie. Maar ek gaan jou wys waar die ligskakelaar is. Dit gaan nie altyd maklik wees nie, maar dit is baie noodsaaklik.

## Hoofstuk 1 – Genesis

Die Woord sê ons is bywoners op aarde, ons burgerskap is in die hemel,<sup>23</sup> en Jesus het gesê dat die wêreld Sy dissipels haat omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Hy ook nie tot die wêreld behoort nie.<sup>24</sup> Dus, as 'n dissipel van Christus, alhoewel jy nie *van* hierdie wêreld is nie, is jy tog *in* hierdie wêreld, en omdat jy *in* hierdie wêreld is, is geld en besittings deel van die pakket. Die doel is dan soos Randy Alcorn dit stel, nie om te onttrek uit die samelewing uit nie, maar om eerder te leer hoe om God gelowig daarbinne te dien.<sup>25</sup>

As jy die waarheid wil ken en as jy wil vrykom, moet jy gehoorsaam wees aan God. Dit is jou sleutel tot vryheid. In Johannes lees ons waar Jesus sê, “... As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.”<sup>26</sup> Om getrou te bly aan Sy Woord is gehoorsaamheid, en dié gehoorsaamheid is die sleutel tot jou vryheid.

Min besef jy dat baie terreine in jou lewe reg sal kom sodra jou geldsake in orde is. Deur Bybelse beginsels toe te pas kom jy die wette van die lewe – die reëls van die spel – na. Jy moet leer hoe om reg oor geld te dink, dit reg te hanteer, en dit reg te spandeer. Die klem lê weereens nie op die hoeveelheid geld wat jy maak nie, maar eerder op hoe jy dít wat jy reeds het, reg te bestuur.

Ek wou vry wees van armoedige denke, vry wees van die vrees vir geld, vry van bekommernisse oor geld, vry van die *rat race*. Daar is meer aan die lewe as om te werk vir die uitsluitlike doel om geld te maak en op te gaar. Dit is belangrik dat hierdie binne konteks gelees en verstaan word, want werk is belangrik en goddelik. Ek wy later 'n hele hoofstuk aan werk en geld maak, en demonstreer 'n ongesonde balans ten opsigte van werk en geldbesteding.

In die sisteem was dit my doel om hard te werk en 'n 'goeie' bestaan te maak, maar dan lees ek die Woord wat sê: “Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle

hemelse Vader sorg vir hulle ...”<sup>27</sup> Asook: “Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite ’n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.”<sup>28</sup>

Maar tog, hier is ek hard besig, van vroeg die oggend tot laat die aand om te saai en te oes en op te gaar. Deel van die sisteem was dit my doel om hard te werk om genoeg te hê uit vrees vir die onbekende, maar ook om ’n blink toekoms te verseker. Waar die Bybel sê:

“Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.”<sup>29</sup> Vrees dryf my tot oorwerk maar die Here sê, “waarlik, daar is ’n toekoms, en jou hoop sal nie verydel word nie.”<sup>30</sup> Nie net was ek deel van die sisteem en het ek hard gewerk vir ’n goeie bestaan, uit vrees vir die toekoms en om genoeg te hê nie, maar ook om voorspoed te beleef. Dan lees ek myself weereens deurmekaar in die Bybel, want die God geïnspireerde Woord maak aanspraak dat dit die seën van die Here is wat ryk maak, en dat my moeitevolle arbeid niks daarby voeg nie.<sup>31</sup>

Ek wou vry wees van angs, haastigheid, ongelukkigheid, ongeduld, vrees, besig wees (met verkeerde dinge), die vinnige tempo van die lewe, wind jaag, energie verspil op nietighede. Ek wou deur die Here gebruik word, en eerlikwaar as ek nie my finansies reg bestuur het vir die laaste paar jaar nie, glo ek nie ek sou nou hier kon sit en dié boek skryf nie. Nee, ek weet vir ’n feit ek sou nie kon doen wat ek nou doen nie.

As die Here my sou roep en ek was nog te vas aan die sisteem, sou ek moes nee sê. My antwoord sou wees: “Ek wil graag Here, maar ek kan nie nou nie, ek het te veel verantwoordelikhede, en te veel verpligtinge. Laat my toe om asseblief eers dit en daai klaar te betaal, en dit en dat uit te sorteer, dan sal ek aan U en U plan kan aandag gee. Laat ek eers genoeg bymekaar maak om gemoedsrus te hê en ’n goeie aftrede te verseker, dan kan ek kom.” Goeie finansiële beplanning was my oop deur tot bevryding.

Indien jy ook voel soos ek gevoel het, en nou in dieselfde situasie is as waarin ek was – dat daar meer aan die lewe is as net agteroor buig om die potte aan die kook te hou – mag jy dalk nou vra: “Hoe gaan ek hierdie doelwit bereik?” Noudat jy weet wat die mikpunt is, maar nie seker is hoe om dit te bereik nie, deel ek graag die volgende belangrike feite met jou.

### ***Erken jou probleme***

Die eerste en belangrikste deel van probleemoplossing is om te beseef dat jy wel ’n probleem het. Tweedens moet jy aanvaar dat dit jou verantwoordelikheid gaan wees om te verander. Onthou, niemand gaan die boom namens jou afkap nie. Jou geldelike tekorte, finansiële probleme en al die gepaardgaande bekommernisse begin en eindig by jou.

Jim Rohn het gesê dat as jy wil hê dinge moet verander, sal jy moet verander. Sy presiese woorde was: *“For things to change, you have to change.”*<sup>32</sup> Dit is selde dat iemand se finansiële situasie vinnig verander – dit gebeur eerder oor ’n tydperk. Een rede hiervoor is dat hulle nie beseef dit is as gevolg van hulle eie keuses dat hulle is waar hulle is nie. Verder beseef hulle ook nie dat dit wel moontlik is om dit self te verander nie.

’n Ander rede is as gevolg van ontkenning. Hulle kan nie tot die beseef kom dat hulle op ’n finansiële afdraande pad is nie. Hulle kan nie insien dat hulle die probleem is nie. As jy van die hand tot die mond leef, en maandeliks net-net uitkom met jou geld, is jy finansiëel ongesond. As jy dit nie beseef of erken nie, leef jy in ontkenning, en moet jy dringend wakker skrik. Die lewe gee vir ons waarskuwingstekens – rooi ligte wat flikker.

As jy geen spaargeld het nie, baie skuld, groot voertuigpaaieimente, groot kredietkaartsaldo’s en persoonlike lenings, as jy van die hand tot die mond leef, geen begroting het nie, en geen plan het om daaruit te kom nie, is die rooi ligte besig om vir jou te flikker. Jy is finansiëel ongesond, en as jy dit nie kan sien nie, is dit juis jou probleem. Ramsey noem só ’n persoon finansiëel vet of oorgewig.

Verder sê hy as jy fisies oorgewig is, is dit maklik om te sien en besef. Maar as jy finansiëel oorgewig is, is dit moeilik om te sien, maklik om dit weg te steek en selfs goed te lyk of voor te kom – vir 'n ruk. Moenie wag vir 'n hartaanval voor jy besef jy is oorgewig nie, sê hy. Net so moet jy ook nie wag vir 'n finansiële hartaanval voor jy besef jou finansiële dieet is ongesond en jy is onfikis nie. Let betyds op na die flikkerende rooi ligte.

Verder sê hy vir baie mense was die hartaanval – die verlies aan werk of inkomste – hulle ontwaking, en die einde van hul ontkenning. Moet nie dat dit met jou die geval wees nie.<sup>33</sup> Teëspoed kom nie dadelik nie, maar gelydelik. Rohn se definisie van mislukking is 'n paar klein oordeelsfoute wat daagliks herhaal word.<sup>34</sup> Die slotsom daarvan is dan totale mislukking. As jy 'n ongesonde dieet het sal jy nie die nadelige verwaarlosing in jou liggaam dadelik raaksien nie, maar hou aan vir 'n paar jaar en voor jy jou oë uitvee, is jou gesondheid by die agterdeur uit.

Ramsey vergelyk hierdie houding met 'n padda in water. As jy 'n padda in kookwater gooi, sal hy dadelik uitspring, maar as jy hom in water sit wat kamertemperatuur is, sal hy rondswem en dit geniet. As jy dan gelydelik die water se temperatuur tot by kookpunt verhoog, sal hy dit nie besef voor dit te laat is nie, dan vrek hy. Die padda is dood as gevolg van gelydelike verandering, en omdat hy te naïef was om dit te besef.<sup>35</sup>

Moenie die padda in lou water wees nie, kyk uit vir die rooi ligte wat flikker in jou finansiële lewe. As ek iets sê wat jou gaan aanstoot gee, doen introspeksie en kyk of ek nie miskien 'n oop senuwees raak boor nie in plaas daarvan om toe te maak en nie verder te luister nie. Gewoonlik grawe ek eers bietjie en ondersoek myself eerlik as iemand my kritiseer, voor ek dit afjak as niks nie.

Dalk steek daar waarheid in die kritiek – waarheid wat my baie duur te staan kan kom as ek nie daarvan bewus gemaak word nie. Byvoorbeeld, 'n paar jaar gelede toe ek nie my BTW 100% eerlik bepaal het nie, en iemand het gesê dat dit God se wil is dat Sy kinders eerlike belastingbetalers moet



wees, was ek dadelik ongelukkig. Sien, ek het gesteel, maar ek wou dit nie erken nie. Buitendien, wie is hy om dit vir my uit te wys? (Nie net het ek gesteel nie, lyk my ek het gesukkel met trots ook.) Sonder daardie kritiek kon ek nie daardie sondes bely nie, want ek was onkundig. Dus, my doel is nie om enige iemand te veroordeel of kritiseer nie, maar eerder om jou bewus te maak van die flikkerende rooi ligte – terwyl daar nog tyd is om dit te herstel.

### ***Maak verandering jou nuwe vriend***

Ten einde die doel van gesonde finansies te bereik moet jy bereid wees om veranderinge te maak. Indien jy nou reeds bewus geraak het van wat die probleem is – jy self – moet jy besef dat jy ook die vermoë het om die probleem te kan verander – deur jouself te verander.

Mahatma Gandhi het gesê as jy die wêreld wil verander, begin by jouself.<sup>36</sup> *“For things to change, you have to change.”* Rohn sê verder, *“if you don’t like where you are, move. You are not a tree.”*<sup>37</sup> Standbeelde het nie ’n keuse nie, hulle moet bly waar hulle is, maar jy kan beweeg as jy nie gelukkig is met waar jy jouself tans bevind nie.

Dit is ook belangrik om te weet dat jy nie jou bestemming oornag kan verander nie, maar wel jou rigting. *“You cannot change your destination overnight, but you can change your direction overnight”* sê Rohn.<sup>38</sup> Jy besit die vermoë om ander besluite te neem, en die regte keuses uit te oefen. Deur die regte besluite te neem, verander jy dadelik jou rigting, en dit stuur jou op ’n nuwe pad.

Weet net dat dit nie maklik gaan wees nie, en dat dit iets van jou gaan verg. As dit maklik was, sou elke Tom, Dick en Harry ryk en sonder finansiële probleme gewees het. Nie almal is bereid om veranderinge te maak nie, maar vir dié wat is, wag daar ’n groot beloning. Ek kan nie jou geld namens jou hanteer nie. Ek gaan jou raad en idees gee, en jou vertel hoe ek dit gedoen het, maar jy sal dit moet toepas en verander.

Soos Ramsey gesê het, niemand anders kan namens jou gewig verloor nie, jy kan nie dat iemand anders namens jou oefen en gesond eet nie. Jy moet jou eie gedrag en gewoontes verander.<sup>39</sup> Meeste mense in ons kultuur is gefokus op die dringende goed, en laat die belangrike dinge na. Die uiteinde is vernietigende resultate.

Daar gaan 'n ruiltransaksie in jou lewe moet plaasvind, insluitend jou denke, besluite, doen en late wat deurlopend in dié boek sigbaar sal wees. Jou fokus gaan moet skuif vanaf die dringende na die belangrike, vanaf die korttermyn plesiere na die langtermynvervullings en ewige waardes.

As jy nie wil verander nie, hoef jy nie. As jy hou van waar jy is, hou so aan, hou net in gedagte die padda in lou water. Maar vir diegene wat wil verander, dit is moontlik om met geld te wen, indien jy – soos Ramsey dit stel – jouself kan bestuur.<sup>40</sup> Ons kyk later meer in diepte na dissiplines en hoe om jouself te 'bestuur'.

### ***Jy moet beseft dit gaan nie maklik wees nie***

My pa het my geleer dat niks wat maklik is, die moeite werd is nie. Die keersy is ook waar; dit wat die moeite werd is, kom nie maklik nie. Daar is geen kortpad na enige plek die moeite werd nie.

In ekonomie verwys hulle na die term TANSTAAFL – *“There ain't no such thing as a free lunch.”* Dit is 'n Engelse akroniem wat daarop dui dat alles in die lewe 'n prys het, dat niks verniet is nie. Net so ook gaan die omkeer na gesonde finansies jou iets kos, en ongelukkig is daar geen kortpaaie nie. Tensy jy daarteen baklei, sal jou uitgawes altyd groei gelykstaande aan jou inkomstes. Baklei is 'n werkwoord, dit beteken dit gaan nie outomaties gebeur nie, dit gaan werk, tyd en energie verg.

Vandag se advertensies probeer ons oortuig dat ons gesond gaan wees deur slegs hierdie of daardie pil te sluk. Hulle beweer dat jy oornag welaf kan word deur in te koop in 'n risiko-vrye produk of skema, sonder enige moeite. Dit bestaan nie.

Gesondheid, in beide jou liggaam en finansies, is moontlik, maar slegs deur harde werk. Verandering is seer. Regstelling is nodig maar nie lekker nie. Nie almal gaan dinge regstel en verander nie. Moenie dieselfde fout maak soos talle ander wat wag dat die pyn van waar hulle tans is, eers die pyn van verandering oorskry voor hulle besluit om te verander nie.

Wees ongewillig om te bly waar jy is. Ruil 'n leeftyd se bekommernis, spanning, frustrasie, vrees, en vernedering – as gevolg van armoede – in vir 'n kort tydjie van ongemak. 'n Ongemaklike plek maak dat jy die regte vrae vra. Die regte vrae lei tot die waarheid, en die waarheid maak jou vry.

Nie alles wat ek in hierdie boek met jou gaan deel gaan lekker wees om te hoor, of gemaklik wees om te doen nie. Ek gaan die waarheid met jou deel, en die waarheid is nie altyd lekker om te hoor nie. Jy gaan baie goed in die boek lees waarteen die vlees gaan skop.

Jy is nie alleen nie, ek het ook met dié goed gesukkel. Trouens, daar is steeds vir my haakplekke en valstrikke, byvoorbeeld oorspandering. My gunsteling gesegde is, “ek leef net een keer.” My vrou ken dit al te goed. As ek enige ding wil doen of koop wat onnodig is (nie 'n basiese lewensnoodsaaklikheid nie), gebruik ek die verskoning dat ek net een keer leef: “Kom ek koop maar daardie boot, ek leef immers net een keer.”

Dit is waar dat ons kaal in die lewe ingekom het en ons gaan kaal hieruit, en alles tussen-in is ter voorbereiding vir die ewige lewe, asook om te geniet, maar daar moet 'n gesonde balans wees. Dit is hier waar wysheid en beraadslaging inkom. Wysheid om nie oor te spandeer nie, om nie mōre se brood vandag te eet nie, en raad van jou vrou te aanvaar, dat die boot nié 'n 'goeie-finansiële-belegging' is nie. Dis nie altyd maklik om jouself te weerhou van dinge nie, maar dis partykeer noodsaaklik, en altyd moontlik.

Hierdie boek is nie om jou ore te streef nie, ek gaan die waarheid praat en die waarheid is dat jy nie kan verwag om tien jaar se gemors in twee weke uit te sorteer nie. Dit is 'n tuin wat vir jare nagelaat is. Dit gaan nie oornag regkom nie, maar begin solank bossies uittrek.

Die geheim – soos in alle aspekte in die lewe – is om net te begin. Die waarheid is dat daar nie ’n maklike manier uit jou finansiële dilemma is nie. Daar bestaan nie iets soos ’n *get-rich-quick-scheme* nie. Die waarheid is dit gaan baie harde werk verg, jy gaan minder moet spandeer as wat jy maak, en jy gaan moet begin *nee* sê vir tydelike plesiertjies. Onthou, niks wat maklik is, is die moeite werd nie.

### ***Vra die Here se hulp***

Almal van ons kan doen met ’n bietjie hulp. As jy die afgelope paar jaar jou inkomste – wat deur God geskenk is – wanbestuur het, bekeer. Vra om vergifnis en vra God om jou te help.

Draai weg van die ou maniere en vra Hom vir ’n nuwe plan. Die Woord leer ons dat wanneer ons vra, ons sal ontvang,<sup>41</sup> en in 1 Petrus 5:7 staan daar om al ons bekommernis op Hom te werp, want Hy sorg vir ons. Alhoewel dit jou verantwoordelikheid gaan wees om te verander, is dit bemoedigend om te weet jy is nie alleen nie. Om jou finansiële lewe gesond te maak is nie net ’n kwessie van paar stappe dan is jy reg nie.

Ramsey noem ’n totale geldelike omkeer ’n “hartsaak”.<sup>42</sup> Dit gaan meer verg as slegs ’n paar toegepaste praktiese stappe. Jy sal ’n hartsverandering moet ondergaan. Ek het reeds genoem jy gaan jou gewoontes moet aanpas, maar as jou hart nie in dit is nie, gaan jou moeite tevergeefs wees. Daarom, meer as net die fisiese veranderings, gaan ons kyk na jou hartstoestande, asook jou geesteslewe.

Geld is geestelik, en deur die inhoud van die Bybel aanvaar ons dat Mammon – die gees agter geld – kragtig is. Terselfdertyd leer die Bybel ons dat niks op ons pad sal kom wat groter is as wat ons kan hanteer nie.<sup>43</sup> Die Heilige Gees is ons Helper, ons kan Hom vra om ons by te staan om ons finansiële lewens om te draai. Hou in gedagte dat volharding belangriker is as spoed. Dit gaan nie oor hoe vinnig jy dit kan doen nie, maar eerder dat jy dit enduit sal volhou.

***Om te weet is nie genoeg nie, kennis moet toegepas word***

Die boek is tweeledig, ek gaan vir jou die informasie gee om jou finansiële lewe in lyn te kry met God se Woord, om finansiëel gesond te word, en dan moet jy huis toe gaan en dit doen. Jy kan nie net sit en lees en dink dat dinge nou gaan regkom nie. Jy moet hierdie dinge gaan toepas. Hierdie is nie 'n kits- of towerformule nie. Dit gaan tyd vat, dit gaan moeilik wees, dit gaan jou iets kos – deursettingsvermoë, harde werk, en opofferings.

Jy gaan party dinge moet groet, jy gaan jou spandeeergewoontes moet verander. Om suksesvol te wees vereis eerlikheid, aan jouself en jou gade, toewyding, doelgerigtheid, geduld en selfdissipline. Die informasie wat ek met jou deel maak net 30% uit van om gesonde finansies te hê. Die ander 70% wat jou sukses gaan bepaal is of jy hierdie kennis/informasie gaan toepas of nie.

Meeste mense weet wat om te doen maar hulle doen dit net eenvoudig nie. Ek kan jou raad gee oor wat reg en verkeerd is, maar ek kan nie jou keuses maak nie. Ek kan jou waarsku teen slegte vriende maar ek kan nie jou vriende kies nie. Net so kan ek jou leer hoe om reg met geld te werk, maar ek kan nie jou geld namens jou hanteer nie.

Finansies, net soos jou verhouding met die Here, jou verhoudings met mense, en jou gesondheid, is aspekte van jou lewe wat 'water' en 'kos' moet kry. Dissipline en vasbeslotenheid is van kardinale belang ten einde dié doel te bereik. Mandino het gesê: *"Failure will never overtake you if your determination to succeed is strong enough."*<sup>44</sup>

As jy regtig ernstig is om finansiëel gesond te word, vasbeslote is oor jou besluit, en jy pas gesonde balans toe, tesame met 'n paar dissiplines wat ek met jou gaan deel, is daar geen twyfel dat jy sal kan klaarspeel met skuld, genoeg spaargeld sal hê, vry kan kom van Mammon se juk, asook in 'n posisie sal wees waar jou geld vir jou begin werk nie.

### **Wat hierdie boek nié is nie**

Hierdie is nie 'n hoe-om-geld-te-maak boek nie. Dit is nie 'n *get-rich-quick* boek nie. Hierdie is ook nie 'n voorspoed boek nie. Ek gaan nie sewe stappe na rykdom met jou deel nie. Ek gaan jou nie vertel hoe om geld te maak nie. Daar is talle mense daar buite wat al baie meer verdien het as ek, jy kan by hulle aanklop as jou doel is om meer te maak.

Ek gaan jou eenvoudig, deur middel van my ondervinding met geld, vertel hoe om reg te werk met dit wat jy reeds het, asook hoe om geld en besittings reg te bestuur, volgens die Bybel. My hart is om jou toe te rus, sodat jy 'n beter rentmeester kan wees, want die Bybel sê dat as jy getrou is met min, sal jy met baie meer toevertrou word.<sup>45</sup>

Vir my is dit belangrik wat God se Woord sê oor geld – hoe om los te kom van die slawerny van skuld, hoe om materialisme en gierigheid te onttroon – asook terselfdertyd aan God die eerste plek in jou hart terug te gee. Wat ook baie belangrik is, is om 'n buffer te hê in jou lewe teen die finansiële storms. Die storms kom, so jy moet voorbereid wees.

Ek sê weer, die probleem is nie dat ons te min verdien nie, die probleem is ons bestuur dit wat ons reeds het, verkeerd. Sommiges sê, “as jy nie besig is om te wen nie, is jy besig om te verloor.” Ek glo dat as jy nie wen nie, moet jy besig wees om te leer. Volgens Rohn put jy meer daaruit wanneer jy verloor as wanneer jy wen.<sup>46</sup>

Om te verloor is om skoolgelde te betaal, en om 'n les te leer. As jy tot dusver onsuksesvol was met jou finansies, beteken dit nie jy't verloor nie. Dit beteken net niemand het jou vroegtydig geleer nie. Omdat jy nie geweet het hoe nie, het jy al die maniere hoe om dit nié te doen nie, bemeester. Dit was 'n leerskool, maar dis nou verby. Die tyd het aangebreek om die regte dinge te leer, en toe te pas. Indien jy dinge vir die laaste tien jaar verkeerd gedoen het, stel Rohn voor dit is lank genoeg, en tyd om in te koop in 'n nuwe plan.<sup>47</sup>

Of jy dit nou verloor of leer wil noem maak nie saak nie, die feit is net, genoeg is genoeg. As jy deur 'n winter tydperk met jou finansies gaan, hou moed, daar is hoop en 'n uitkoms. 'n Mens leer ook meer in die wintertye van jou lewe. So dis *okay* as dit vir 'n klein tydjie sleg gegaan het. Dit sal jou hopelik aanspoor om van nou af die regte besluite te neem, en om van koers te verander.

As jy die 'winter' as 'n leerskool gebruik, gaan jou oë oop, jy raak bewus van jou tekortkominge, die sirenes gaan aan, die sluise gaan oop – wat jy dit ookal wil noem – en jy skrik wakker. Moet net nie die fout van die meerderheid maak nie. Meeste mense weet wat om te doen, maar hulle wil dit nie doen nie. Die oorgrote meerderheid gaan aan soos altyd. Jy het reeds vir die lesse betaal, dis nou tyd om die lesse toe te pas.

Indien jou finansies en gemoedere in die donker is, onthou die Here is nie in die donker nie. Harold Sala skryf: *“While the lights may have gone out on you, they haven't gone out on God.”*<sup>48</sup> Hy kan baie mooi sien.

In vandag se tyd is hoop 'n skaars kommoditeit, daarom is my gebed dat jy nie net van skuld sal vrykom en in beheer van jou finansies sal wees nie, maar ook dat jy nuwe hoop sal kry.

Hoop vir gesonde finansies ja, maar ook hoop vir 'n beter toekoms. So hopelik deur my eie ervaring – en wysheid van ander skrywers – vasgevang in dié bladsye, kan ek jou daarmee aanmoedig en help.

# Eindnotas

Tensy anders aangedui is teks aanhalings in hierdie publikasie geneem uit die Bybel in Afrikaans 1933/1953-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1933, 1953. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Die skrywer het sover moontlik gepoog om alle bronne krediet te gee. Indien enige verwysings uitgelaat, en onder sy aandag gebring word, sal dit onmiddellik herstel word.

## Inleiding

- 1.) Nel, M., 2016, epos, 1 April, nel.marius1@gmail.com, Titel: Woordskool – Finansies: Jou Geld en Jou Geloof.
- 2.) Ibid.
- 3.) Zig Ziglar Quote, from: Rohn, J.E., 2004, *Jim Rohn's 2004 Weekend Leadership Event*, audio CD, Jim Rohn International, 5800 Democracy Drive Plano, Texas.

## Hoofstuk 1

- 1.) Rohn, J.E., 2004, *Jim Rohn's 2004 Weekend Leadership Event*, audio CD, Jim Rohn International, 5800 Democracy Drive Plano, Texas. (Audio CD)
- 2.) Van Heyningen, F., 2000, *Hoe Om Suksesvol Te Lewe: Leidrade Vir Die Lewe*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- 3.) Kluck, T. & Martin, R., 2013, *Finding God in the dark: faith, disappointment, and the struggle to believe*. Grand Rapids, Michigan: Bethany House Publishers.
- 4.) Van Heyningen, F., 2000, *Hoe Om Suksesvol Te Lewe: Leidrade Vir Die Lewe*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- 5.) Ibid.
- 6.) Ibid.
- 7.) Nel, M., 2016, epos, 1 April, nel.marius1@gmail.com, Titel: Woordskool – Finansies: Jou Geld en Jou Geloof.
- 8.) Lukas 16:11 (Bybel in Afrikaans 1983-vertaling). (Bybel in Afrikaans 1983-vertaling).
- 9.) Nel, M., 2016, epos, 1 April, nel.marius1@gmail.com, Titel: Woordskool – Finansies: Jou Geld en Jou Geloof.
- 10.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 11.) Nel, M., 2016, epos, 1 April, nel.marius1@gmail.com, Titel: Woordskool – Finansies: Jou Geld en Jou Geloof.
- 12.) Van Heyningen, F., 2000, *Hoe Om Suksesvol Te Lewe: Leidrade Vir Die Lewe*. Wellington: Lux Verbi.BM.
- 13.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 14.) Albert Einstein quote, from: <https://www.goodreads.com/quotes/search>.
- 15.) Rohn, J.E., 2004, *Jim Rohn's 2004 Weekend Leadership Event*, audio CD, Jim Rohn International, 5800 Democracy Drive Plano, Texas. (Audio CD)
- 16.) Sien Matteus 22:39
- 17.) Rohn, J.E., 2005, *Building Your Network Marketing Business by Jim Rohn*, audio CD, R&L Publishing dba SUCCESS Media, Lanham, Maryland.
- 18.) Ibid.
- 19.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 20.) Mandino, O., *Greatest Secrets To Success (1990) - Part 1.flv* Available at: <https://www.youtube.com/watch?v=lf8wAoJ2S68> (accessed on: 20 May 2017).



- 21.) Sien Job 1:21
- 22.) Kiyosaki, R.T. & Lechter, S.L., 1997, *Rich Dad Poor Dad: What the Rich Teach Their Kids About Money – That the Poor and Middle Class Do Not*. New York, New York: Warner Business Books.
- 23.) Sien Filippense 3:20
- 24.) Sien Johannes 17:14 -16
- 25.) Alcorn, R.C., 2011, *Managing God's Money: A Biblical Guide*. Carol Stream, Illinois: Tyndale House Publishers.
- 26.) Johannes 8:31(b)-32
- 27.) Matteus 6:26 (a) (Bybel in Afrikaans 1983-vertaling).
- 28.) Psalm 127:2 (Bybel in Afrikaans 1983-vertaling).
- 29.) 1 Petrus 5:7
- 30.) Spreuke 23:18
- 31.) Sien Spreuke 10:22
- 32.) Rohn, J.E., 1985, *Seven Strategies for wealth and happiness: power ideas from America's foremost business philosopher*. New York, New York: Three Rivers Press.
- 33.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 34.) Rohn, J.E., 2004, *Jim Rohn's 2004 Weekend Leadership Event*, audio CD, Jim Rohn International, 5800 Democracy Drive Plano, Texas. (Audio CD) (Nie direk vertaal, maar sy idee.)
- 35.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 36.) Mahatma Gandhi quote, from: <https://www.goodreads.com/quotes/search>.
- 37.) Rohn, J.E., 1985, *Seven Strategies for wealth and happiness: power ideas from America's foremost business philosopher*. New York, New York: Three Rivers Press.
- 38.) Ibid.
- 39.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 40.) Ibid.
- 41.) Sien Lukas 11:9
- 42.) Ramsey, D.L., 2003, *The Total Money Makeover: A Proven Plan for Financial Fitness*, audio CD, Thomas Nelson, Nashville, Tennessee.
- 43.) Sien 1 Korintiërs 10:13
- 44.) Mandino, O., 1985, *The Greatest Salesman in the World: You can change your life with the priceless wisdom of ten ancient scrolls handed down for thousands of years*, 3<sup>rd</sup> edn., New York, New York: Bantam Books.
- 45.) Sien Lukas 16:10
- 46.) Rohn, J.E., 2004, *Jim Rohn's 2004 Weekend Leadership Event*, audio CD, Jim Rohn International, 5800 Democracy Drive Plano, Texas. (Audio CD) (Nie direk vertaal, maar sy idee.)
- 47.) Ibid.
- 48.) Sala, H. J., 2010. *The Inner Struggle of Worry, Stress and Fear*. Eugene: Harvest House Publishers.

## Kontakbesonderhede

Vir verdere navrae en om die skrywer te bespreek vir 'n seminar, finansiële kursus, of konsultasie, kontak hom gerus by [info@wilconaumann.com](mailto:info@wilconaumann.com), of besoek sy webtuiste by [www.wilconaumann.com](http://www.wilconaumann.com).